Essay

Beatrijs en die lotgevalle van 'n teks: Herinterpretasies en aktualiserings

Jacques van der Elst

1. Inleidend

Die verskyning van die Nederlandse literatuurgeskiedenis *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. Deel 1 en 2* (Van Coller, 2019) laat die soeklig onder meer val op wat werklik nog aan die studie van die Nederlandse taal- en letterkunde by Suid-Afrikaanse universiteite gedoen word. Watter tekste word by Suid-Afrikaanse universiteite voorgeskryf wanneer dit kom by die studie van die Nederlandse taal- en letterkunde? Is daar nog toegewyde spesialiste binne die vakgebied? Weet studente nog wie en wat Vondel is en het die huidige geslag studente ooit met 'n drama van Vondel kennis gemaak – *Gijsbrecht van Aemstel*, *Jeptha* ensovoorts? Ken studente die Egidiuslied? Word daar nog kennis geneem van die mirakelspele, misteriespele, Marialegendes? Het die komparatistiese benadering – die studie van Nederlands slegs in belang van die studie van Afrikaans – dalk die oorhand begin kry?

My vermoede is dat binne die beperkte Nederlandse aanbod aan Suid-Afrikaanse universiteite die moderne Nederlandse letterkunde, soos die werk van Arnon Grunberg (een van Nederland se bekendste romanskrywers), waarskynlik tans die fokus is. Ek weet Middelnederlands en sewentiende-eeuse Nederlands word wel nog bestudeer en benut as 'gereedskap' om taalverskynsels in Afrikaans te verklaar in departemente aan Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Johannesburg. Maar sal dit voortgaan as bepaalde ouer akademici aftree? Is dit enigsins nodig dat daar nog akademiese opvolgers wat hierdie temas doseer, moet wees?

Daar was 'n tyd toe die Nederlandse taal- en letterkunde 'n belangrike verwysingsveld vir literatore in Suid-Afrika was. Is dit tans nog die geval? Die era van teksverklarende publikasies van Nederlandse werke is byvoorbeeld vir goed verby. Van Coller se hierbo genoemde literatuurgeskiedenis sal 'n stukkie belangstelling in die Nederlandse letterkunde ter plaatse herwin, maar daar is geen rede tot optimisme nie. Vertalings uit Nederlands in Afrikaans – veral wat fiksie betref – kom darem nog voor: Daniel Hugo is byvoorbeeld 'n voortreflike vertaler, terwyl ander akademici soos Van Coller self van tyd tot tyd Nederlandstalige tekste in Afrikaans vertaal.

In hulle teksuitgawe van *Beatrijs* sê Schutte en De Klerk (1991:10) dat hierdie werk "ook tot die ryk kulturele erfenis en geestesbesit van Afrikaanssprekendes gereken kan word". In hoeverre is daar vandag nog eenstemmigheid hieroor? Kan die Afrikaanse letterkunde hom nog 'n teks soos *Beatrijs* toeëien? Of is ons tevrede met 'n letterkunde wat beswaarlik in 'n eeu oud is as 'n mens die gedig "Winternag" van Eugène N. Marais as die begin van 'n betekenisvolle Afrikaanse letterkundige produksie kan beskou? My argument is dat as die Nederlandse komponent in die studie van die Afrikaanse letterkunde verwaarloos word, word 'n akademiese slagaar afgesny. In hierdie skrywe sal daar dus uitgebrei word oor die seminale Middelnederlandse teks *Beatrijs* en die waarde wat dit vandag nog vir die Afrikaanse letterkunde en letterkunde-onderrig het.

2. Die verhaal van die non: Die oorspronklike teks

Oor die tersaaklikheid vandag van *Beatrijs* sou die student kon vra: Wat nou van 'n drama oor 'n non wat so verwyder van ons bestaan is en wat eeue gelede êrens in 'n verhaal met godsdienstige tendense gefigureer het? Die feit dat die teks in die Middeleeue in Nederlandse vertaal is, moes tóé al iets verkondig. Soos alombekend, was die kerktaal Latyn en dramatiese aanbiedings in die volkstaal op die stadspleine moes 'n aanvullende rol speel en die volk nader aan die Evangelie bring. Middeleeuse mense het, aldus Tinbergen (1932: 20), 'n diep aanvoeling vir die misterie gehad, maar die vorm waarin die kerk dit (in Latyn) aangebied het, was minder aanneemlik vir die man in die straat: "Eenvoudigen van geest, dat waren er velen, ook uit de hoogere standen, hadden behoefte aan zichtbare en tastbare werkelijkheid. De kerk kwam daaraan tegemoet, met haar vertoningen, waaruit het kerkelijk drama ontstond." Die ontstaan van die Nederlandstalige *Beatrijs* is dus hieraan te danke.

Beatrijs, bekend as 'n Marialegende, se geskiedenis strek tot ver in die verlede – tot 'n Latynse versie in die twaalfde eeu. Dit is in die dertiende of veertiende eeu deur 'n anonieme digter in Middelnederlands vertaal en berym. 'n Afskrif hiervan word bewaar in die Koninklijke Bibliotheek in Den Haag. Die verhaal van Beatrijs bestaan ook in ander tale. Daar is sprake van 54 Middeleeuse versies en 150 wat later verskyn het. Die oorspronklike Nederlandse handskrif het om die een of ander rede wel in die vergetelheid geraak, maar belangrik is dat 'n student genaamd Willem Jonckbloet die handgeskrewe weergawe in die hande gekry het en in 1841 'n wetenskaplike edisie daarvan versorg het. Dié edisie is in 1859 heruitgegee. Sedert daardie tyd het 'n aantal enkeledisies verskyn, maar ook talle vertalings en bewerkings in Nederlands. Vertalings en bewerkings het onder

meer ook verskyn in Duits, Engels, Esperanto, Frans, Fries, Italiaans, Noors, Spaans én in Afrikaans.[1]

Beatrijs het dus eeue en eeue oorleef en is tot vandag toe voorgeskrewe leesstof vir middelbare skoliere in Nederland en Vlaandere.[2] Ek sal weer later hierna verwys en aandui hoe die werk vir Nederlandse studente/skoliere toeganklik is of toeganklik gemaak word.

3. Algemene opmerkings

Dit is nie ongewoon dat 'n standaardteks én beskouings van en oor so 'n teks mettertyd veranderinge kan ondergaan nie. Watter beweegredes kan daar wees om aan 'n teks te verander? En watter redes kan daar wees om beskouings oor 'n teks te verander? Die onmiddellike antwoord hierop is dat politieke, religieuse en etiese oorwegings alles faktore is wat 'n rol kan speel by die aanbring van variante. Herinterpretasie of herbeskouing van tekste vind dus altyd deur die eeue plaas – herinterpretasies van die Bybel dien hier as goeie voorbeeld. Deur die verandering van histories-kulturele kontekste kan herinterpretasie plaasvind. Herinterpretasie kan lei tot heraktualisering en heraktualisering kan lei tot herwaardering of afgradering van 'n bestaande waardering vir 'n bestaande teks.

So het die volgende passasie in die *Beatrijs*-teks die onderwerp van baie gesprekke geword en gelei tot afwykings van die oorspronklike teks:

345 "...Laet ons spelen der minnen spel.
"Wat segdi", sprac si, "dorper fel,
Soudic beeten op tfelt
Ghelijc enen wive die wint ghelt
Dorperlijc met haren lichame?
350 Seker soe haddic cleine scame!..." (Tinbergen, 1932)

Dit gaan dus hier om die jongman se voorstel tot die spel van die liefde nadat hy en Beatrijs sopas die klooster verlaat het en in 'n pastorale omgewing aangeland het. Beatrijs antwoord hier fel afwysend en verontwaardig op sy voorstel.

'n Teks uit die verre verlede soos *Beatrijs* se nuwe konteks kan onder meer kultureel, religieus en geografies verskil van die oorspronklike en dus tot nuwe interpretasies lei. Die bekende Belgiese skrywer, Stefan Hertmans, verwys tydens 'n gesprek met sy besoek aan Suid-Afrika in 2017 na die verskillende benaderings van tekste wat tot ander interpretasies lei. Hy het dit gewaag om te verwys na 'n Calvinistiese (Nederlandse) benadering teenoor 'n Roomse benadering van tekste. Aldus Hertmans, is vir eersgenoemde die logos belangrik – die woord

as sodanig – terwyl die beeld deur laasgenoemde belangriker geag word. Die norme en waardes (of lewensbeskouing) van elke tydsgewrig sing dus mee in die beoordeling of beskouing van ou werke en dit kan dan by teksbewerkers lei tot die aanpassings wat in tekste soos *Beatrijs* gemaak word.

As religieuse werk propageer *Beatrijs* religieuse waardes, by name Christelike waardes, saam met religieus (spesifiek Katolieke) tradisies soos Mariaverering; die sakrament van die bieg en die gepaardgaande absolusie. Die Mariaverering is tot vandag toe 'n onveranderde universele fenomeen van alle tye, natuurlik nie net binne die Katolieke kerk nie, maar ook in die literatuur. Die bekende tydskrif *National Geographic* het in 2015 'n artikel van byna 30 bladsye onder die opskrif "The world's most powerful woman" aan die Mariafiguur gewy en haar nie net as die bemiddelaar (soos in *Beatrijs*) beskryf nie, maar ook as 'n globale sensasie: "The Virgin Mary is both a personal intercessor and a global sensation" (Orth, 2015: 32).

By alles wat kan verander, is daar dus tog ook die universele, tydlose narratiewe patrone wat verband hou met godsdienstige oortuigings, die liefde, waarheid en leuen, getrouheid en ontrou asook weerkerende variante op motiewe soos die van die meisie in haar liefde verlaat wat in 'n teks soos *Beatrijs* aan bod kom.

4. Teksverskuiwings: 'n Oorsig

Hoewel sekere temas dus ewigheidswaarde het, speel tydruimtelike faktore 'n onontkenbare rol by die verskeidenheid variasies wat in verskillende versies van die *Beatrijs* aangebring is. Daar bestaan voorts ook didaktiese beweegredes om die teks te wysig of om verse weg te laat. Ongeveer 50 versies van *Beatrijs* het sedert die eerste wetenskaplike edisie van Jonckbloet (1841) verskyn. Wat opmerklik is, is dat die eerste skooluitgawe eers meer as 60 jaar (dus in 1902) na Jonckbloet se 'ontdekking' verskyn het. Dat die belangrike teks so lank geneem het om in die skoolkanon opgeneem te word, skryf Van Kalmthout en Kovács (2013: 126) toe aan vier stremmende faktore wat 'n rol gespeel het. Die teks was naamlik te onbekend, te ontoeganklik, te onsedelik en te Katoliek. Die aard van besware was opsommend dus tweeledig van aard: religieus-eties en didakties. Hierdie versperrings is met verloop van tyd op basis van verskillende oortuigings van die bewerkers in verskillende teksweergawes uit die weg geruim, ten koste van die oorspronklike teks.

Naas die omstrede aanhaling wat vroeër vermeld is, is daar 'n ander veelbesproke passasie wat betrekking het op Beatrijs se besluit om 'om den brode' haar liggaam te verkoop ná die man haar verlaat het. Haar besluit om 'n ontugtige lewe te lei, is ook in die verlede as moeilik verteerbaar ervaar:

455 Want men seit ons overwaer,
Dat si langhe seven iaer
Ghemene wijf ter werelt ghinc
Ende meneghe sonde ontfinc,
Dat haer was wel onbequame,
460 Die si dede metten lichame,
Daer si cleine gheneuchte hadde in (Tinbergen, 1932)

In die Gielen-edisie (1931) van *Beatrijs* is die genoemde twee "pikante fragmenten" geskrap (Van Kalmthout en Kovács, 2013: 132), terwyl in 'n ander teks slegs die eersgenoemde oneerbare voorstel afgewater is tot 'n uitnodiging om saam blomme te gaan pluk. Beatrijs se besluit om ter wille van die oorlewing van haar en haar kinders tot die oudste beroep van die wêreld toe te tree, bly egter gehandhaaf. 'n Hele aantal pogings is egter in opvolgende uitgawes aangewend om Beatrijs minder 'onsedelik' te laat voorkom.

Die besluite oor teksveranderings moet dus gesien word in die lig van lewensbeskoulike opvattings wat op 'n tydstip bestaan het ten opsigte van die bevordering van die religie en spesifiek hier die Katolisisme. Brems (2013: 146) verwys na 'n periode wat hoofsaaklik die tydperk van die begin van die vorige eeu tot en met die interbellum gedek het en die heersende mening bestaan het dat literatuur skatpligtig moes wees aan die Katolisisme:

> Voor de bloei van de Roomse cultuur in Nederland werden dichters en kunstenaars bijzonder belangrijk geacht. Bovendien werd gesteld dat het katholicisme in feite 'het enig mogelijk fundament voor kunst en literatuur' kon zijn.

Hierdie beskouing het beslis 'n uitwerking gehad op die amenderings van tekste soos *Beatrijs*. Stracke (1930:7), 'n Roomse priester en navorser oor die *Beatrijs*-teks, was byvoorbeeld vas van mening dat literatuur gedienstig moes wees aan die Katolisisme en dat Protestante nie vertrou kon word met tekste soos *Beatrijs* nie:

> Protestanten, hoe geleerd dan ook, kunnen over Middeleeuwsche meesterwerken, die door en door Katoliek zijn – alle – moeilijk oordelen, al hebben ze er nog zo veel sympathie voor; en over Marialiteratuur heeft zelfs de knappe, bezadigde, en ons zeer vriendelijke Prof. de Vooys stellingen verkondigd, die elke katoliek weerleggen kan, aan de hand der *Beatrijs*.

Stracke se opmerking het wel betekenis: Resepsieteoreties gesproke sal 'n nie-Katolieke, of dan by name 'n Protestantse, leser wat nie vertroud is met of oortuig

is van die konsepte van die onbevlekte ontvangenis en die sondeloosheid van die Mariafiguur asook haar reinheid en maagdelikheid nie (Wilmink, 1995: 47), die teks anders beleef as 'n oortuigde Katolieke leser.

Didakties gesproke is veral met die oog op die verteerbaarheid van die teks vir skoliere en studente talle pogings aangewend om die teks meer toeganklik te maak. Sogenaamde seksueel eksplisiete gedeeltes is ook in skooluitgawes geskrap of aangepas. So is met verloop van tyd die teksverklarings uitgebrei; parafrases is opgeneem of die teks is in moderne Nederlands vertaal. Van Kalmthout en Kovács (2013:131) verwys in hierdie verband byvoorbeeld na R.J. Spitz, "leraar aan de HBS van Apeldoorn", se publikasie *Beatrijs. Het Middelnederlands gedicht in proza naverteld* wat in 1916 verskyn het en wat nog twee herdrukke in 1918 en 1922 beleef het.

Die merkwaardigste geval van 'toeganklikmaking' was die bewerking van P.C. Boutens. Ek het so 'n paar jaar gelede die veertigste druk (1949) van hierdie 1908-werk in 'n antiekboekwinkel in Dordrecht vir 4€ gekoop. Daar het uiteindelik 55 drukke van dié werk verskyn met die laaste uitgawe in 1984 – dekades nadat Boutens in 1943 oorlede is (Goud, 2013: 239). Die Boutens-teks word dus beskou as "een van de populairste en meest herdrukte dichtbundels uit de Nederlandse literatuur" (Goud, 2013: 239). Dit is natuurlik merkwaardig dat 'n teks met nie-oorspronklike stof soveel aftrek gekry het. Boutens het dit reggekry om sowel bogenoemde didaktiese probleem én die eties-religieuse problematiek te oorbrug. Hy het naamlik in sy poëtikale mededeling binne die teks aangedui dat hy die teks geskryf het sodat kinders dit sou verstaan:

> Dit is de sproke van Beatrijs.
> Ik schreef haar uit op weinig blaên.
> In zulk een klare en simple wijs.
> Als kinderen verstaan. (Boutens, 1949:45)

Die passasies oor Beatrijs se wêreldlike liefdeslewe het uit die teks verdwyn, terwyl religieuse-Katolieke aspekte onderspeel word. Boutens skryf oor laasgenoemde aspek dat Katolieke priesters hom dikwels gevra het om besonderhede in die teks te verander vanweë sogenaamde "historische onjuistheden" (sien Goud, 2013: 239). Boutens beroep hom by implikasie egter op die outonomie van die teks en sy digterlike inspirasie en sê: "Het gedicht is vanuit den hemel zelf gemaakt […] Poëzie heeft de bedoeling om schoonheid te prijzen. Alles wat ik geschreven heb, heb ik *moeten* schrijven." (*NRC Handelsblad*, 19-2-1930, aangehaal deur Goud, 2013: 239). Die Boutens-teks het origens sonder enige toeligting of inleiding verskyn. Boutens se *Beatrijs* was uiteindelik eerder

bekend as 'n gedig van Boutens en het minder die eksplisiete stempel gedra van die skepping of herskepping van 'n Middelnederlandse digter. Daar word byvoorbeeld in 'n resensie in *Algemeen Handelsblad* (24-11-1908) verwys na Boutens se "heerlijke verbeelding" (Goud, 2013: 245) wat in die *Beatrijs*-teks na vore kom.

Boutens het nietemin bygedra tot die voortgesette resepsie van die werk tot in die moderne tyd. Vandaar ook die feit dat die teks tot in 1984 herdrukke beleef het. Boutens se werk kan beskou word as 'n bewerking van die oorspronklike teks waarby bewustelik afgewyk word van die oorspronklike gegewe terwyl die groot lyne van die verhaal behoue bly.

Nie net literatore, onderwysers en priesters nie, maar ook musici en dramaturge het hulle aan verwerkings en bewerkings van *Beatrijs* gewy. Die inhoud van die gegewe is aangepas na behoefte van die betrokke kunsgenre. Willem Wilmink (1995), 'n digter, het *Beatrijs* teksgetrou op rym vertaal, maar nie die aandag wat Boutens oor 'n periode van byna 40 jaar met sy *Beatrijs*-teks behaal het, geëwenaar nie. Muns (2013: 195) bespreek ook drie *Beatrijs*-operas wat in 1911, 1925 en 1928 geskryf en uitgevoer is en waar die ouditiewe elemente van die legende benut is. Dit geld byvoorbeeld vir die gebede, die hemelse stem van Maria wat Beatrijs oproep om terug te gaan na die klooster en die stemme van die verskillende rolspelers.

5. *Beatrijs* vandag

Ontkerstening en ontkerkliking is deel van ons tyd en dié verskynsels het ongetwyfeld 'n invloed op die beskouing van literatuur vandag, ook in die klaskamer. Mantingh en Van Zessen (2013: 219-220) bespreek die problematiek van die aanbieding van *Beatrijs* in die moderne tyd. Die besware van leerlinge word soos volg opgesom:

- Met 'n vroulike hoofpersoon soos Maria is dit veral bedoel as 'n teks vir meisies.
- Middeleeus is outyds, iets van die verlede wat nie vir die moderne tyd bedoel is nie.
- Die wonder wat met Beatrijs se gedaanteverwisseling plaasvind, is ongeloofwaardig en onrealisties ("de populariteit van Harry Potter en *Twilight* ten spijt", aldus Mantingh en Van Zessen).
- Die Christelike ingesteldheid roep bedenkings op.

Om die teks didakties gesproke betekenisvol te maak vir die moderne tyd, stel Mantingh en Van Zessen (2013) gevolglik twee metodes voor om die leerder vertroud te maak met die teks: Eerstens moet die leerlinge sover as moontlik

kennis verwerf van die literêre agtergrond van die Middelnederlandse letterkunde en van 'n teks soos *Beatrijs* en vervolgens (ten tweede) word aan hulle die opdrag gegee om die teks kreatief te verwerk in watter vorm ook al: die verhoog, verhaalvorm of verfilming. Die verhaal moet hom dus herhaal, aangepas in die modern tyd. 'n Interessante produk van aktualisering klink dan soos volg, Beau ('n nuwe naam vir Beatrijs) is:

> een een-en-twintigste-eeuwse chica die in de ban raakt van haar 'beloved' scooterboy. Ze laat huis en haard achter om haar liefde te volgen, maar hij blijkt een loverboy te zijn die haar zonder scrupules achter het raam zet om de kost te verdienen als hij 'broke' is. Gelukkig weet Beau te ontsnappen en ze vindt een veilig heenkomen bij haar tante. Die overtuigt haar om weer bij haar ouders terug te keren. Beau gaat hiermee akkoord, maar weigert haar ouders iets van het gebeurde te vertellen. Uiteindelijk (door toedoen van de tante) biecht ze haar ouders op wat haar is overkomen. Deze vergeven haar alles en verklaren haar voor gek dat ze niet eerder de waarheid heeft verteld. Zo komt alles goed en zijn we aangekomen bij het 'rocking end' van het verhaal (Mantingh en van Zessen, 2013: 222).

Dit lyk na 'n uitstekende didaktiese metode om kennis van 'n Middeleeuse teks oor te dra en om iets van die verlede in die hede te bevestig om 'n leerling na die oorspronklike teks te herlei. Dié soort aktualisering van die teks word later in Afrikaans bewerkstellig deur die toneelbewerking onder die titel *Beatrix* van LieSl Marx wat die verhaal betrek het op kinderprostitusie in Suid-Afrika en dit verwerk het in 'n drama wat by 'n *Beatrijs*-manifestasie opgevoer is (Marais, 2013: 350-352).

6. *Beatrijs* in Suid-Afrika

N.P. van Wyk Louw (1986: 189) beskou *Beatrijs* as een "van die skoonste kunswerke in ons literatuur". Hy ag dit byna as onmoontlik om die "inhoud" van die werk op te som of te parafraseer. Die mooiste van die "inhoud" sou naamlik hiermee wegraak. Louw lewer eintlik hiermee 'n pleidooi vir die lees van die teks in sy oorspronklike vorm. Hy beskou dit ook as 'n Katolieke gedig waarvan baie elemente "vreemd of selfs aanstootlik vir ander wêreldbeskouings is". Vir die Protestant sou die Mariaverering in die gedig afbreuk doen aan die verering van God self en vir die sogenaamde "moderne ongelowige" (dus anno 1958 toe Louw die teks geskryf het) sou die teks eweneens verwerplik wees op grond van die inherente Middeleeuse bygelowe wat daarin vervat is en wat die "mens verlei om die geluk te soek waar dit nie te vind is nie".

Louw (1986) lewer geen pleidooi vir evaluasie van enige wêreldbeskouing nie:

> Vir ons bestaan die probleem wat betref die wêreldbeskouing eenvoudig nie; ons let alleen op die *poëtiese* hoedanighede van 'n gedig: klank, bou, intensiteit, eenheid – almal stylhoedanighede; die wêreldbeskouing wat uitgespreek word, kan miskien nog 'n verdere poëtiese bekoring gee… maar dit is sinloos om in verband met die gedig te vra of die wêreldbeskouing 'waar' of 'onwaar' is; geen poësie tog druk iets waars of onwaars uit nie.

Uiteindelik gaan dit vir Louw by *Beatrijs* om die genot van die gedig. As Protestantse of ongelowige literatuurliefhebber kan hy die gedig geniet sonder om sy eie opvattings of lewensbeskouing te verloën. Die skoonheid van die werk styg vir hom ver uit bo persoonlike lewensbeskouings of geloofsoortuigings. W.P. Gerritsen (1976: 55) bevestig hierdie opvatting by die beoordeling van *Beatrijs*. Hy stel dit ietwat robuuster met die opmerking dat hy nie in wonders glo nie en die verering van Maria, hoewel kultuurhistories gesproke boeiend, laat hom in religieuse opsig koud.

P.C. Schoonees het in 1939 'n teks van *Beatrijs* bewerk en soos hy self stel, in Afrikaans "oorvertel". 'n Mens kan aanneem dat Schoonees die vrymoedigheid geneem het om die teks na eie oortuiging aan te pas. Louw was seker bewus van Schoonees se teks, maar het hom nie uitgespreek oor die waarde van Schoonees se vertaling van die teks nie. Hy sou waarskynlik nie genoeë geneem het met Schoonees se "waardering" vanuit lewensbeskoulike perspektief nie. Schoonees (1939: 6) distansieer homself in sy ietwat kriptiese inleiding van wat hy noem "die Roomse dwaalbegrippe" soos die Mariaverering verwys voorts na "ons" wat al afstand geneem het van hierdie Roomse idees en betrek dus daarby sy bedoelde lesers. Schoonees (1939: 6) se kommentaar lui naamlik:

> In die tyd toe Beatrys gedig is (eerste helfte van die veertiende eeu) het die christelike [sic] godsdiens feitlik bestaan uit Maria-verering. Maar ofskoon ons al lankal afstand gedoen het van Roomse dwaalbegrippe, tog behou hierdie gedig vir ons sy volle waarde.

Schoonees beskryf *Beatrijs* dan eerder as 'n verhaal van 'n vrou (let wel nie 'n non nie!) wat ter wille van die liefde alles sal opoffer behalwe haar godsdiens. Sy afstandelikheid ten opsigte van die "Roomse inhoud" het waarskynlik te doen met sy Protestantse opvoeding. Schoonees is gebore op Uniondale in 'n sterk Protestantse gemeenskap en huis. Hy wou self aanvanklik predikant word, maar het om gesondheidsredes van die voorneme afgesien. Die studie van die letterkunde het sy eerste liefde geword (Marais, 2013: 342-343). Schoonees het gepromoveer aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam en was 'n student onder meer van prof. J. Prinsen (Marais, 2013: 342) wat baie moeite gedoen het om die *Beatrijs*-teks te doseer. Prinsen is al bestempel as 'n *Beatrijs*-

propagandis (Van Kalmthout en Kovács, 2013: 127) en dis bes moontlik dat hy sy leerling P.C. Schoonees met sy liefde vir die *Beatrijs*-teks geïnspireer het. Ook Boutens se teks sou waarskynlik vir Schoonees 'n belangrike aansporing tot die oorvertelling in Afrikaans gewees het. Schoonees vermeld nie watter Nederlandse teksversie hy gebruik het nie.

Dit is interessant om te sien wat Schoonees met omstrede dele van *Beatrijs* gemaak het. Hy het byvoorbeeld gerieflikheidshalwe die (reeds vermelde) blommeplukalternatief vir die reguit vraag oor "der minnen spel" gekies. Dit lui dan so: "Liefling, sal ons nie op hierdie mooi plekkie afklim om blomme te pluk en die liefdespel te speel nie? Dit sal regtig heerlik wees" (Schoonees, 1939). Oor die algemeen is die Schoonees se oorvertelling of hervertelling ietwat strak en stroef en is dit duidelik dat 'n vaardige digtershand van 'n Boutens ontbreek. 'n Kreatiewe produk het Schoonees se versie nie geword nie. 'n Mens moet billikheidshalwe vermeld dat Schoonees dit nie as 'n primêre teks bedoel het nie en dat hy die wens uitspreek dat sy versie sy lesers sal aanmoedig om die oorspronklike weergawe te lees. Hy beklemtoon dat hy die teks nie vir vakgeleerdes geskryf het nie.

Laastens kan genoem word dat die verhaal van Beatrijs verder ook in Suid-Afrika inslag gevind het met teksuitgawes van A.C. Bouman (1941) en die reeds vermelde publikasie van R. Schutte en G.J. de Klerk (1991).

7. Ten slotte

Die teksgeskiedenis van *Beatrijs* is verrassend. Van Oostrum (2013: 387) verwys na die teks se onuitputlike adaptasievermoë aangepas by lewensbeskouings, didaktiese en religieuse behoeftes:

> [I]n het Nederlandse taalgebied kent het verhaal een voortleven waaraan nog allerminst een einde is gekomen, getuige steeds weer nieuwe uitgaven en streekvertalingen, navertellingen als jeugdboek en creatieve omgang in de klas.

Helaas kan dit waarskynlik nie van die Afrikaanse omgewing gesê word nie. Ek weet nie of *Beatrijs* nog êrens volledig of selfs per fragment in leerplanne figureer nie. Faktore wat ek inleidend gemeld het, het *Beatrijs* se glans hier by ons verdof. Ek mag verkeerd wees: Afskaling van Nederlands het jare gelede hier by ons begin toe die benamings van departemente by sommige universiteite die een na die ander verander het en die Nederlandse komponent van die leerplan met die groei en bloei van die korpus Afrikaanse letterkunde afgewater is. Persoonlik dink ek dat dit 'n verlies is, maar tegelykertyd het ek begrip vir die

konteks van die verlede en die hede waarbinne alles geskied het en waarmee die belangstelling vir werke soos *Beatrijs* en ander Middelnederlandse werke in Suid-Afrika getaan het.

Dit is egter belangrik om te vermeld dat hierdie agteruitgang nié geld vir die res van die wêreld nie. Sedert Jonckbloet se eerste uitgawe het meer as 50 weergawes in Nederlands en Nederlandse dialekte verskyn en wêreldwyd het talle bewerkings, vertalings en verwerkings verskyn in 'n verskeidenheid tale, tot in Esperanto en Papiamento.

Noordwes-Universiteit

Bronnelys

Bouman, A.C. (red.). 1941. *Beatrijs.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Boutens, P.C. 1949. *Beatrijs (veertigste druk).* Bussum: C.A.J van Dishoeck.

Brems, E. 2013. Het lauwe bruidje van Jesus. Pierre Kemps Beatrijs. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 139-156.

Gerritsen, W.P. 1976. *Vier inleidende colleges over de Middelnederlandse literatuur (tweede oplage).* Utrecht: Instituut De Vooys.

Goud, M. 2013. "Ik schreef haar uit op weinig blaên". P.C. Boutens' Beatrijs in verschillende gedaantes. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 237-262.

Louw, N.P. van Wyk. 1986. *Versamelde Prosa 1.* Kaapstad: Tafelberg.

Mantingh, E. en M. van Zessen. 2013. Leerlingen in de ban van Beatrijs? Een literair-historische schoolklassieker als didactische uitdaging. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 219-236

Marais, R. 2013. Een vreemde eend in de bijt? Beatrijs in Zuid-Afrika. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 335-356.

Muns, L. 2013. Beatrijs als opera. Drie Nederlandse werken. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 195-218.

Orth, M. 2015. The world's most powerful woman. *National Geographic*, 6: 32-59, Dec.

Schoonees, P.C. 1939. *Beatrys – 'n Middeleeuse juweel. In Afrikaans oorvertel.* Pretoria: Van Schaik.

Schutte, R. en G.J. de Klerk. 1991. *Beatrijs. Ingelei deur R. Schutte en van taalkundige aantekeninge voorsien deur G.J. de Klerk.* Pretoria: HAUM.

Stracke, S.J. 1930. *Beatrys in de wereldletterkunde.* Brussel: Standaard Boekhandel.

Tinbergen, D.C. (red). 1932. *Beatrijs naar het Haagsche handschrift uitgegeven (negende druk).* Groningen/Batavia: J.B. Wolters.

Van Coller, H.P. (red.). 2019. *Verbintenis en venster: die Nederlandstalige letterkunde van aanvang tot hede. Deel 1 en 2.* Pretoria: Van Schaik.

Van Kalmthout, T. en E. Kovács. 2013. Beatrijs voor de klas. Hoe een middeleeuws verhaal doordrong tot de schoolcanon in Nederland. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 125-138.

Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.) 2013. *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press.

Van Oostrum, F. 2013. Beatrijs en wij. In: Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink. (reds.). *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.* Gent: Academia Press. 385-396.

Wilmink, W. 1995. *Beatrijs. Een middeleeuws Maria-mirakel vertaald door Willem Wilmink.* Amsterdam: Prometheus/Bert Bakker.

Note

1. Sien Van Kalmthout, T., O. Réthelyi en R. Sleiderink (2013) se *Beatrijs de wereld in. Vertalingen en bewerkingen van het Middelnederlandse verhaal. Lage Landen Studies 6.*
2. Sien die navorsing van Van Kalmthout en Kovács (2013).